

17 Januarie

Skrifgedeelte: Levitikus 24 (OAV)

Fokusgedeelte: Levitikus 24:1-9

In die heiligdom het die goue kandelaar gestaan wat met die suiwerste olyfolie gevul, dag en nag moes brand. Dit was teken van God se verliggende teenwoordigheid by sy volk, maar tegelyk ook simbool van die Geesvervulde geloof van God se volk. Langsaan was die tafel met die toonbrode waarmee God aan sy volk te kenne gee dat dit Hy is wat vir hulle sorg. Elke middag kom die diensdoende priester met gebed by die reukofferaltaar.

Dit was dus intieme oomblikke saam met die lewende Here! Dit was die binnekamer van die volk. Daar word in eerbied en in kinderlike afhanklikheid gebid, maar daar is ook die ander kant van die gebed. Gebed is praat met die lewende God. Vloek is ook praat met God en is ook 'n vorm van gebed.

Dan maak jy Hom tot niks – alleen maar 'n klank, 'n geluid, 'n stuk wind. Dit is wat die Tien Verbondswoorde 'n ydel gebruik van die Naam van die Here noem. En dit is wat hierdie jongman gedoen het. Hy het die Naam (Jahwè) in die hitte van die bakleiery gelaster en gevloek. God is vir hom niks nie. En as God vir jou niks is nie, is jou naaste ook niks en kan jy hom maar uit die weg ruim as hy in jou pad staan. Die eerste en die tweede deel van die Wet – God en jou naaste – is aan mekaar verbind. Daarom staan die doodstraf by Israel op altwee die oortredings vas: dié teenoor God wat jy uit jou lewe wegvloek en dié teenoor jou naaste wat jy uit jou lewe uitslaan. “Laat soos die geur van wierookbrande my bede wees voor u aangesig...”

Sing: Psalm 141:2,3

Ds LH Stavast (Emeritus)